ng overkruin

aanbid... gee om... bring hoop...

PROGRAM VIR DIE DAG 25 SEPTEMBER 2022

09:00 **Erediens**. Dr. P. Moolman.
Teks: Matt. 7:1-6
Tema: Oppas – oordeel kan terugbyt!
10:00 **Kategese**. Gr. 1-6.
Gr. 1-3. Saal.
Gr. 4-6. Kapel.

18:00 **Erediens**. Dr. N. Steyn.
19:00 **Kategese**. Gr. 7-11.
Gr. 7-10. Saal.
Gr. 11. Kapel.

U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE: ONGESTELDES

Owen Vorster. 082 977 9670. Tuis na mediese toetse.

Johann Otto. 082 302 3427. Ernstig siek.

Elize Evert. 064 156 0809. In Steve Biko Hospitaal.

Mina Rousseau. 082 332 3481. Herstel tuis.

Helene Thuynsma. 083 655 5228. Herstel tuis.

Rina Podges. 0825896805. In Eugene Marais Hospitaal na 'n heupvervaning.

MEEGEVOEL

Piet en **Elsa Swart**. 084 960 1222. Hul dogter, Riana is oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Baie geluk aan die volgende senior lidmate met hulle verjaarsdae. 'n Geseënde jaar word hulle toegebid.

Tannie Sarie Theron. 073 168 6555. Sy word vandag 85.

Tannie Lettie Mulder. 076 846 9822.. Sy word Donderdag 97.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Kyk na jou naaste soos jy weet Christus na jóú kyk. Kyk na jou naaste met oë wat soek na iets van Christus in hom.
As Jesus gesê het alles wat ons aan 'n naaste doen, doen ons eintlik aan Hóm, is Hy mos in al ons broers en suster teenwoordig.
In die donker krotbuurtes soek armes en siekes na 'n stukkie van Christus se lig in óns oë.
Kyk na hulle met dieselfde liefde waarmee julle na Hom sou kyk.
Moeder Teresa



DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer of enige ander bydrae op enige van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetalings
- Debiet– kredietkaartfasiliteit
- Snapscan (sien foto langsaan)

Bankbesonderhede:
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005
Verw: bv. Dankoffer

Snap here to pay

getsnapscan.com

Tel: 012 567 2177 / 7943 **E-pos: ngoverkruin@gmail.com**

PROGRAM VIR DIE WEEK

WOENSDAG 28 SEPTEMBER 2022

09:00 **Bybelstudie**. Ds. W. Rothmann. Kapel.
19:00 **Koor**.

DONDERDAG 29 SEPTEMBER 2022

09:00 **Bybelstudie**. Dr. P. Moolman. Kapel.
09:00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Konsistorie.
19:00 **Studente-bybelstudiegroep**. Kapel.

SATERDAG 1 OKTOBER 2022

05:00 **Carpe diem-mannegroep**. Kapel.
09:00 **Lentetee** met Jannie du Toit.

SONDAG 2 OKTOBER 2022

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann
18:00 **Geen erediens**.

ANDER SAKE VAN BELANG

Leraaspos. Die leraarspos se sluitingsdatum is 30/09/2022. Alle aansoeke moet voor of op die sluitingsdatum soos per e-pos aan die skriba, gestuur word.

Voorbidding. Carien Liebenberg, 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

Preke is beskikbaar op ons gemeente se Youtube-kanaal by: https://www.youtube.com/channel/UCad_WFJ-zDe9cdTJHQ1s2yQ U is baie welkom om daar te gaan loer en ook na vorige preke te gaan kyk/luister.

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.

Afnaweek. Ds. W. Rothaman. 25 September.

MELD ASSEBLIEF ALLE SIEKES, GEHOSPITALISEERDES, ENS. BY DIE KERKKANTOOR (012 567 2177) AAN. ONS WIL GRAAG AAN JOU AANDAG GEE.

POPIA-WET (Wet op beskerming van persoonlike inligting: Wet no. 4 van 2013)

Dié wet bepaal dat persoonlike inligting nie sonder vooraf toestemming bekend gemaak mag word nie. Soos ons gebruik deur die jare, bevat ons Aankondigings, sommige lidmate se verjaarsdae, adresse en telefoonnommers. Indien enige lidmaat 'n beswaar sou hê dat van sy inligting soos nodig, in die Aankondigings geplaas word, moet u die kerkkantoor asseblief dienooreenkomstig in kennis stel.

DAMESOGGEND: LENTETEE - 1 OKTOBER OM 08:00 (Mans welkom)

Lidmate wat bereid sal wees om as gasvrouens op te tree, moet asseblief hulle name by die kerkkantoor opgee.

Kaartjies beskikbaar in kerkkantoor @ R150 p.p.

AKSIE UITREIK:

Vir enige navrae in verband met onderstaande uitreikprojekte, kan u gerus Dennis Wagner by 083 462 2329 of Marleen Büre by 084 069 9880 skakel.

Uitreikprojekte:

Wolmer: Marleen Büre, 084 069 9880. **Benodig dringend 'n enkelbedmatras**, wol vir brei van kindertruie, afvalwol is ook welkom, asook niebederfbare voedsel en gebruikte matriekafskeidsrokke.

Margaretha Ackerman-tehuis: Dennis Wagner, 083 462 2329. Toiletware en doeke vir volwassenes.

Noodspens: Kerkkantoor: 012 567 2177.

CMR Daspoort: Rita Viljoen, 012 567 2464. Niebederfbare voedsel en tweedehandse klere vir mans en dames. Benodig plastiekbakkies.

CMR Wonderboom: Magda Vermaak, 012 567 4551. Niebederfbare voedsel.

Jan Niemandpark: Dennis Wagner, 083 462 2329. Niebederfbare voedsel en tweedehandse klere vir alle ouderdomme.

Jakaranda Kinderhuis huise 16 en 19: Hendrik Oosthuizen, 012 567 2030 of Nettie Wagner, 083 276 7550. Sporttoerusting vir seuns en dogters.

Damesoggend: Lentetee: 1 OKTOBER

Mans welkom

Die omvattende titel waaronder Jannie sy halfeeu vier, is ook die naam van die verhoogproduksie wat hoogtepunte uit sy loopbaan as liedjiemaker en opnamekunstenaar saamvat. Die program word aangebied saam met sy gereelde ensemble van Susan Mouton (tjello) en Chanie Jonker (klavier en akkordeon) en die program bestaan uitsluitlik uit Afrikaanse liedjies wat Jannie êrens oor die afgelope vyf dekades opgeneem het: liedjies van Jannie en sy vriende.

Jannie gee die gehoor 'n blik op die bestemmings waarheen sy musiekreis hom oor die afgelope halfeeu geneem het: van 'n dameskoshuis-sêrrie onder ons eie sterre tot by die Noorderligte oor Saskatoon, van die Pierneefteater in Pretoria tot 'n kitaarfees op die walle van die Volga. Die fisiese, maar ook die simboliese bestemmings is dikwels vergestalt in sy eie liriek, maar hy beSTEM in hierdie produksie ook die mymeringe van ander liedjieskrywers oor hulle hartsplekke en drome – soos wat hy dekades lank reeds doen. Met sy briljante begeleidende ensemble van Susan en Chanie saam met sy kitaar, sorg Jannie danksy rype ervaring, besondere vokale vermoëns en 'n repertorium met baie wye verskeidenheid, vir 'n uur waarin die emosies gedurig wipplank ry en artistieke integriteit die botoon voer.

Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** mag namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. Faks en/of e-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is.
5. **Berekening van kostes (per plasing)**.
   Minder as tien woorde = R15.
   Elf-twintig woorde = R20.
   Twintig-dertig woorde = R25.
   Bankbesonderhede: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël.

Beddens en matrasse. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

JD Fridges. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

Kunsgalery Jacobs en Uys, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 012 543 1418.

Algemene meubelvervoer en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

Zero Boomsloping. Boomslopings en snoei van bome en struike. Ons verskaf ook kaggelhout. Ernst, 083 656 4992. www.treecarepta.co.za

Maryna se Kontreikombuis. Daagliks, varsgekookte BOERE-KOS. Wegneem Sondagmiddagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Maryna, 082 451 7842. info@diekontreikombuis.co.za

Franco's building and renovation projects. Vir al u bou-, opknappings- en opgraderingsbehoeftes, jou eenstop *shop*. Franco, 082 257 8601 / www.fscon.co.za

Lincor Décor: Lasercut, Graveer, Ontwerp, 1300x900 MDF-hout, Leer, Perspex, UV-Plante, UV-Heiningblare, Silk-Plante, 10% vir Kerk per bestelling. Linda Blom: 083 257 8718. decor@lincor.co.za http://www.lincordecor.co.za https://www.facebook.com/LincorDecor https://www.instagram.com/lincordecor

Oefenklasse vir oud en jonk! Vanaf Maandag 3 Oktober 2022 om 08.30 by NG Overkruin se saal. Almal welkom. Ina 082 871 4427.

Rommelverwydering. Meubelrestourasie. Herspan riempiesmeubels. Vervang ook stoelrekbande (*webbing*). Dawie, 082 556 4451. Ook **prentraamwerk**. Edith Fourie, 082 789 0790.

Namibiese houtskool 5 kg-sakke vanaf R401,00. Aanstekers R12,00. 012 543 1001 / 083 227 0025.

Verskeie Eiendomme Noord van die Magalies. Kontak my asseblief vir die koop of verkoop van u eiendom, argiteksontwerpinsette, raad met dorpstigting, hersonering, onderverdeling, bouplanne en waardasies.n designapd@gmail.com philip.lourens@harcourts.co.za / 084 419 5228.

Loodgieter. Die beste noord van die berg. Johan Wessels, 072 454 7474. Verwysing. Rudi van Heerden, 082 832 5565.

Verfwerk. Klein of groot. John Setshedi, Verwysing: A. Driessen, 073 015 6908.

Wildsvleis. Wildswors en maalvleis 500g verpakkings R30.00. Michelle, 074 206 4228.

Biltong Hampers (nat). 2kg biltong, 2kg droëwors, 1kg barbeque bites. R450.00 elk. Michelle, 074 206 4228.

Te huur. Tuinwoonstel, Wonderboom, gemeubileer, enkelpersoon, motorafdak, W&L ingesluit. R3 200pm. 073 344 2387.

Vakansiewoonstel. See-uitsig, skoon, goed toegerus, veilige onderdakparkering, braaigeriewe, swembad. Billike tariewe binne en buite vakansietye. 012 567 3933 / 082 390 9465 / lettiefour@gmail.com

Het jou **voete 'n troetelsessie** nodig? Karien, 072 564 1804.

Te huur. Tuinwoonstel, Wonderboom. Gemeubileer, enkelpersoon, motorafdak, W&L ingesluit R3 200 pm. 073 344 2387.

8.58 Ha Bosveld Kleinhoewe: Sterk boorgat, vrugbare grond, uitstekende weiding, sitrustboord, swembad, twee ommuurde woonhuise, baie potensiaal! Aanlyn veiling 29 September of vooraf aanbod kan aanvaar word. 084 419 5228 philip.lourens@harcourts.co.za